GRAIN SA
GRAAN SA

Julie
2011

# PULA IMVULA

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende produsente



LEES BINNE:

4 > Beplanning en voorbereiding van jou beeskudde

6 > Meer oor die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Produsente



4



6

# Geen kortpaaie na bewaringsboerdery

**Bewaringsboerdery is 'n nuwe konsep vir baie graanprodusente in Suid-Afrika. Lees in hierdie artikel wat ontwikkelende produsente te sê het oor die instandhouding van landbou en die aanwysings wat produsente behoort te volg om tred te hou met hierdie nuwe tendens in gewasverbouing.**

## Waaroor gaan bewaringsboerdery?

Dit is alombekend dat die meeste produsente die toepassing van die tradisionele metodes van grondvoorbereiding toepas en dat die skaarploeg die hoofimplement wat op die plaas gebruik word bly. In baie gevalle plant produsente mielies as 'n enkele gewas en pas nie wisselbou met ander gewasse soos bone of sonneblom toe nie. Die gebruik van die skaarploeg vir baie jare word vandag gesien as 'n belangrike oorsaak van grondagteruitgang. Grondagteruitgang vind op drie vlakke plaas:

- Deurlopende ploeg veroorsaak dat die grondstruktuur vernietig word;
- Verlies aan waterhouvermoë van die grond; en
- 'n Afname in die getalle van voordelige mikro-organismes in die grond.

Bewaringsboerdery is 'n stelsel wat ontwikkel is om die grond te beskerm, die gehalte van die grond te verbeter en om die grond te herstel tot sy oor-



# Mme Jane sê…

In die Pula het ons vir baie jare slegs gefokus op boerdery en produksie. Soms vergeet ons dat daar sonder die boer geen produksie en geen voedsel of vesel sou wees nie. Weet jy hoe belangrik jy is? Weet jy dat jy die wêreld voed?

Ons vermy enige melding van MIV en Vigs – asof dit 'n soort vloek is op die nasies van die wêreld. Ons dink nie iemand het 'n vloek op hulle as hulle hoë bloeddruk, diabetes of kanker het nie. Dit is my oortuiging dat ons MIV en Vigs op dieselfde manier moet behandel. Die virus val jou immuunstelsel aan en maak die deur oop vir ander siektes om jou dood te maak. Die goeie nuus is dat jy 'n gesonde en goeie lewe kan lei ten spyte daarvan dat jy MIV-positief is.

Wat moet ons doen?

- Laat jou vir MIV toets, sodat jy weet wat jou status is. "Kennis is mag."
- As jy MIV-positief is, kry behandeling van 'n kliniek. Moenie swak diens by enige kliniek aanvaar nie en maak seker dat, indien jy kwalifiseer vir die anti-retro virale hulpmiddels (ARV) (volgens jou cd 4 telling), dat jy hulle gereeld neem soos voorgeskryf. Op hierdie stadium is daar nie 'n geneesmiddel vir MIV nie, maar dit kan hanteerbaar wees, en jy kan 'n vol en 'n lang lewe lei as jy dit goed behandel.
- As jy vir MIV getoets is en positief is, laat jou vir TB ook toets. As jou immuniteit laag is as gevolg van MIV, is jy baie vatbaar vir TB. Dit is TB wat jou eetlus wegneem, wat maak dat jy hoes, wat veroorsaak dat jy gewig verloor. Maak seker dat indien jy TB het, jy behandeling kry sodat jy genees word – TB is geneesbaar!
- Aan die ander kant, indien jy positief getoets is vir TB, laat jou toets vir MIV – dit is heel waarskynlik dat jy TB opgedoen het omdat jou immuniteit laag is.

Daar is geen rede vir enigiemand om te sterf omdat hulle MIV-positief is nie – jy moet jou status ken en behandeling kry. Asseblief, laat julle toets en indien positief, kry behandeling. Ons het julle almal nodig!

# Geen kortpaaie na bewaringsboerdery

spronklike vrugbare en gesonde toestand. By bewaringsboerdery moet die produsent ook ten volle gebruik maak van die waarde van verskillende gewasse in 'n wisselboustelsel met mielies. Meer gewasse wat deur die produsent verbou word, sal ook help om die risiko's te verlaag. Onthou die gesegde "moenie al jou eiers in een mandjie sit nie".

'n Mens moet besef dat bewaringsboerdery meer behels as geen-bewerking of deklaagbewerking alleen. Die bewaringsboerderystelsel is hoofsaaklik op drie pilare gebou:

1. Die grond moet so min as moontlik versteur word. Dit beteken dat geen ploeg of snywerk mag plaasvind nie en dat die plantwerk gedoen word deur 'n planter wat in staat is om direk in die onversteurde grond te plant.
2. Die oesreste bly op die grondoppervlak. Op hierdie manier dien die oesreste die doel om die grond so veel as moontlik te dek.
3. Wisselbou, insluitende gewasse soos boontjies en akkerbone, word deel van die sisteem.

## Wat sê produsente oor bewaringsboerdery?

In 'n opname onder die drie groepe ontwikkelende produsente in Mpumalanga, Limpopo en Noordwes Provinsies, was produsente positief oor die voordele van bewaringsboerdery, maar hulle was ook baie duidelik oor die beperkinge van die stelsel soos hulle dit sien.

'n Paar voordele van bewaringsboerdery wat deur produsente geïdentifiseer is:

- Bewaringsboerdery kan gronderosie help voorkom.
- Bewaringsboerdery kan aan meganisasiekostes help bespaar.
- Die gebruik van chemiese onkruidbeheer kan bydra tot kostebesparings met tyd en arbeid.
- Die beskikbaarheid van Roundup Ready kultivars maak onkruidbeheer makliker.
- Insluiting van graan peulgewasse soos akkerbone of sojabone kan help om grondvrugbaarheid te verbeter.

Die volgende negatiewe eienskappe van bewaringsboerdery is ook deur produsente geïdentifiseer.

***Die noodsaaklikheid van aanvangskapitaal en hoë koste van meganisasie***

'n Gebrek aan aanvangskapitaal om byvoorbeeld 'n konvensionele planter te vervang met 'n geen-bewerking planter, bly 'n groot probleem vir baie produsente. Die huidige prys van die twee-ry geen-bewerking planter wissel tussen R50 000 en R80 000 per eenheid.

***Probleme om grondbedekking te bestuur in die vorm van 'n deklaag***

Baie produsente maak staat op oesreste wat deur vee benut kan word en mieliestoppels in die besonder, word hoog aangeskryf as voer. Produsente is ook skepties oor 'n behoorlike grondbedekking, veral in droë seisoene wanneer oesopbrengste laag is.

***Die risiko van 'n afname in oesopbrengs***

Produsente het duidelik aangedui dat hulle nie die risiko van 'n verminderde oesopbrengs na aanleiding van die implementering van 'n nuwe produksiestelsel, kan bekostig nie. Opbrengsverliese oor die korttermyn kan plaasvind, wat produsente sal ontmoedig om te skakel na bewaringsboerdery.



## Hoe kan produsente wat bewaringsboerdery oorweeg ondersteun word?

***Proewe om bewaringsboerdery te evalueer***

In die lig van die al die risiko's wat produsente in die gesig staar, moet hulle oortuig word dat die nuwe stelsel suksesvol geïmplementeer kan word. Plaaslike proewe op die plaas, in noue samewerking met produsente, sal 'n ideale "klaskamer" wees om produsente bloot te stel aan bewaringsboerdery praktyke en dit te vergelyk met die konvensionele stelsel.

***Aanpassing van bestaande toerusting***

Produsente moet aangemoedig word om hul bestaande implemente te omskep, soos planters wat geskik is om minimum-bewerking suksesvol toe te pas of geen-bewerking planters. In Brasilië byvoorbeeld, was baie baanbrekerprodusente nie in staat om die meer gesofistikeerde masjinerie te bekostig nie. As gevolg daarvan het hulle begin deur die omskakeling van hul ouer konvensionele planters na geen-bewerking planters. Dit was die begin van die "Geen-bewerking Rewolusie" van die negentien sewentigs in die land.

***Blootstelling van produsente aan bewaringsboerdery toerusting***

Baie meer moet gedoen word om die bestaande gaping tussen ontwikkelende produsente en agri-besighede wat fokus op bewaringsboerdery, te sluit.

***Verbeter toestande om peulplantproduksie uit te brei***

Hoewel produsente aangedui het dat peulgewasse hul stelsels kan verbeter, wend hulle nog steeds nie 'n poging aan om peulgewasse uit te brei nie. Dit is hoofsaaklik te wyte aan swak toegang tot saadverskaffers en in die geval van akkerbone, die gebrek aan 'n betroubare mark vir die graan. Die beste manier om produsente te ondersteun om die waarde van peulgewasse in wisselboustelsels te ontgin, is om saadverskaffing te verbeter en beter geleenthede vir die produsent in die mark te skep.

***Moedig bykomende voerproduksie aan***

Produsente moet aangemoedig word om voergewasse op afsonderlike lande te plant. Soet voersorghums wat in die somer aangeplant word of Japanese radys en hawer wat vir winterweiding aangeplant word, kan aansienlik help om voerreserwes te voorsien. Op hierdie manier sal produsente in staat wees om die grond te bedek, omdat hulle dan minder staatmaak op oesreste as bedekking.

Hou in gedagte dat die basiese beginsels van gewasproduksie altyd te alle tye korrek toegepas moet word. Voordat enige poging aangewend word om te skakel na 'n bewaringsboerderystelsel, moet produsente ontslae raak van 'n ploegblad wat kan bestaan en om ontslae te raak van hoë infestasies van probleemonkruide. Wend 'n poging aan om advies in te win vanaf ervare produsente wat bewaringsboerdery toepas. Ten slotte, span saam met diegene wat gretig is om goeie ondersteuning te gee aan produsente wat bewaringsboerdery as 'n opsie beskou. Op hierdie manier kan jy dalk ontdek dat bewaringsboerdery die sleutel is tot 'n beter toekomstige boerdery.

**PHONNIE DU TOIT (LNR-GRAAN GEWAS INSTITUUT POTCHEFSTROOM)**

***Bewaringsboerdery is bedoel om die produsent op die grond te hou.***



*'n Twee-ry geen-bewerking planter in aksie. Let op die ongeploegde oppervlak.*



*Om 'n laag oesreste op die grondoppervlak te skep, is 'n belangrike aspek van bewaringsboerdery. Theo Msimanga, 'n produsent op Diekeng in Mpumalanga, inspekteer 'n proefperseel voor plant. Let op die onkruidvrye gebied en oesreste op die oppervlak.*



*'n Voorbeeld van 'n ou planter wat omgeskakel is om geen-bewerking plant te doen.*



*Johannes Simelane boer in die Balfour-distrik in Mpumalanga en kweek 300 hektaar mielies. Hy is reeds besig met sy eie eksperimente op sekere aspekte van bewaringsboerdery.*

***Bewaringsboerdery is 'n stelsel wat hoë vlak van bestuur vereis en oorskakeling na 'n nuwe stelsel sal sekerlik nie sonder groeipyne geskied nie.***

# Beplanning en voorbereiding

**DIE VOORBEREIDING VAN JOU BEESKUDDE VIR 'N DROË SEISOEN VEREIS DEEGLIKE BEPLANNING. PRODUSENTE MOET VERSIGTIG BEPLAN EN VOORBEREI VIR DIE SEISOEN OM TE VERSEKER DAT DIE BESTE RESULTATE BEREIK WORD EN DIT VEREIS 'N GESONDE EN VOLHOUBARE BESIGHEIDSPLAN IN AKSIE.**

Natuurlike weiding is die hoofbron van voer vir huishoudelike vee in Suid-Afrika. Terwyl die winter naderkom, begin hierdie natuurlike gras droog word en gevolglik daal die hoeveelheid beskikbare voer vinnig, en so ook die gehalte van die voer.

Gedurende die winter is die proteïen-inhoud van grasse laag en die lignien-inhoud hoog. Vee verloor vinnig kondisie wanneer die natuurlike weiding nie goeie kwaliteit is en nie meer aan die diere geskikte voeding in die vorm van proteïen kan voorsien nie en terselfdertyd veroorsaak die hoër vlakke van lignien dat die beeste minder gras vreet, omdat hulle dit toenemend onsmaaklik vind. Die veeprodusent kan 'n verskeidenheid strategieë volg.

## Veeverkope

Oorweeg die verkoop van diere wat nie presies pas in die langtermyn sakeplan nie. Hierdie diere vreet voervoorrade wat deur die meer lewensvatbare lede van die trop verbruik kan word. Hierdie strategie sal vereis dat die produsent moet bereken hoeveel addisionele winter voervoorraad aangekoop moet word en wat hy kan bekostig om te bestee. Hierdie inligting stel die produsent in staat om te besluit hoeveel diere hy kan bekostig om volhoubaar te voer deur die winter. Dan vereis dit dat teeldiere met die beste genetika geïdentifiseer moet word om waarde tot die kudde in die toekoms by te voeg. Dit is die beste om diere wat geïdentifiseer is vir verkoop, te verkoop voordat hulle 'n gebrek aan voer het en wanneer hulle steeds aantreklik genoeg vir die koper is om billike pryse te betaal. Hierdie diere sal dan geen verdere koste vir die produsent beteken nie en geen verdere druk op die beskikbare weiding plaas soos die seisoen verander nie. Hou die mark dop wanneer pryse geneig is om te daal as gevolg van groot getalle diere wat verkoop word net voor die winter. Die inkomste wat verkry word uit die verkoop van sommige diere in die kudde sal ook 'n belangrike rol speel sodat die produsent die nodige wintervoer kan bekostig en die beste toestande vir die oorblywende kernkudde kan skep om die droë wintermaande te oorleef.

Veevermindering kan tyd, geld, weiding en grond hulpbronne bespaar en is beslis die moeite werd om te oorweeg as 'n bestuursmetode. Jy kan altyd die diere vervang aan die einde van die droë periode indien die begroting versigtig bestuur is.

## Aanvullende voeding

Aanvullende voeding is 'n fundamentele deel van lewendehawe bestuur vir oorwintering.

Gedurende uitgebreide droë tydperke, wanneer die weiding nie meer voedingswaarde het nie, sal diere hulle vetreserwes gebruik, wat sal lei tot 'n verlies aan gewig en kondisie. Energie, proteïen en vesel is noodsaaklike elemente in voer vir diere dwarsdeur die jaar en aanvullende voeding kan aan hierdie vereistes voldoen indien die produsent gebruik maak van voerbronne soos hooi, graan, geformuleerde voermengsels en natuurlike lekke as aanvulling tot natuurlike weiding.

- Indien vleisbeesprodusente nie hul wintervoeding strategieë vroegtydig



# van jou beeskudde

beplan nie, sal swaar finansiële verliese ervaar word indien voer gekoop word op 'n laat stadium wanneer voerkoste op hul hoogste is. Bereken jou koste vroegtydig en sluit jou vervoerkoste in by jou begroting. Besluit of dit beter sou wees om grootmaat of per sak te koop. Brandstofkoste sal jou begroting beïnvloed.

- Nog 'n onvoorsienbare verlies is die onnodige verlies as gevolg van swak konsepsie van die kudde en daarna die verlies aan inkomste uit kalwers wat vroeg die volgende somer gebore kon word. In werklikheid is dit bewys dat selfs indien koeie maer is gedurende kalftyd, konsepsie 60 tot 90 dae later sal plaasvind en so die volgende kalfsiklus negatief sal beïnvloed.

Wanneer diere bekendgestel moet word aan nuwe rantsoene ter voorbereiding vir die droë seisoen, moet dit geleidelik gedoen word, omdat 'n oorgangstydperk van tot vier weke nodig is. Byvoeding moet begin wanneer daar nog redelik gras op die veld is en voor die diere te veel kondisie verloor. Bring nuwe voer geleidelik in omdat skielike veranderinge in die voer swak gesondheid by die kudde veroorsaak. Graanvoorraad veral moet baie versigtig ingebring word, omdat diere dit gulsig kan vreet en asidose kan kry. Die onderliggende oorsaak van asidose is te veel stysel en te min verteerbare vesel in die rantsoen. Hooi en ruvoer is 'n belangrike element in die mengsel, omdat dit die dieet balanseer en siektes help voorkom. Kommersiële rantsoene is baie gerieflik en wetenskaplik gebalanseerd, maar hulle is ook duur. 'n Goed georganiseerde produsent moet in staat wees om sy eie mengsels te meng deur gebruik te maak van wat hy beskikbaar het of wat hy plaaslik kan kry. Dit is altyd wys om raad vanaf plaaslike diere voedingkundiges te kry oor ideale resepte, omdat elke klas vee verskillende voedingsbehoeftes het.

## Ander oorwegings

Selfs tydens die droë seisoen moet die produsent die veld bestuur. Dit moet nooit gebeur dat oorbeweiding plaasvind nie, omdat kaal grond die risiko verhoog dat waardevolle grond weggewaai of weggespoel kan word tydens donderstorms en die meeste van die voedingstowwe kom in die bogrond voor. Indien die droë seisoen uitgestel word, kan produsente oorweeg om diere op kleiner areas aan te hou om die skade wat hulle aan die natuurlike plantegroei veroorsaak, te beperk.

Die gesondheid van die diere moet noukeurig gemonitor word, omdat die effek van parasiete of siektes by die kudde dikwels toeneem gedurende die droë maande as gevolg van diere wat swakker is.

## Gevolgtrekking

Die duurste aspek van die bestuur van 'n vleisbeeskudde, is die wintervoerperiode, daarom moet dit oordeelkundig bestuur word om te verseker dat die winsgrens gesond is. Elke produsent sal besluit watter plan van aksie die beste sal pas by sy unieke kombinasie van omstandighede, beide op die plaas en sy sak. Soms sal hy aanvullende voeding gebruik slegs om die gewig van sy diere instand te hou gedurende die wintermaande, terwyl 'n gesonde bankbalans hom in staat kan stel om te verseker dat sy speenkalwers daagliks toeneem in gewig. 'n Suksesvolle beesvleisprodusent moet die weiding reg bestuur, die korrekte veelading toepas en die somer so lank as moontlik maak!

**JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**



# Meer oor die Graan SA

**DIE MISSIE VAN DIE ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE VAN GRAAN SA IS OM BEVOEGDE SWART KOMMERSIËLE GRAANPRODUSENTE TE ONTWIKKEL. OM HIERDIE DOEL TE BEREIK, IS DIT BELANGRIK OM TE FOKUS OP DIE INDIVIDU, ONS MOET DIE PERSOON ONTWIKKEL.**

Ontwikkeling gaan **NIE** oor die grond nie.
Ontwikkeling gaan **NIE** oor masjienerie nie.
Ontwikkeling gaan **NIE** oor markte nie.
Ontwikkeling gaan **NIE** oor geld nie.
Ontwikkeling gaan **NIE** daaroor om te boer vir die produsent nie.

Die hele proses begin met die ontwikkeling van die persoon – al die ander aspekte volg daarop. Ontwikkeling is 'n proses en nie 'n sprong nie.

Die huidige minister van Landbou, Me Tina Joemat-Pettersson het aangedui dat sy 'n behoefte sien om produsente in verskillende kategorieë te verdeel. Die kategorieë is soos volg: (alhoewel ons ons eie kriteria gemaak het, want daar bestaan nie ooreengekome kriteria vir die verskillende kategorieë nie).


| | | |
|---|---|---|
| **Vlak 1** | **1 tot 10 hektaar** | **Bestaansprodusente** |
| **Vlak 2** | **10 hektaar tot 250 ton** | **Kleinboer produsente** |
| **Vlak 3** | **Meer as 250 ton** | **Kommersiële produsente** |

Dit mag dalk vir mense 'n bietjie verwarrend wees wanneer ons sê dat Vlak 1 en produsente op 1-10 hektaar in dieselfde kategorie is. Dit is belangrik om 'n program te hê wat duidelik identifiseerbare stappe het – 'n produsent wat by ons program aansluit, begin as 'n Vlak 1 – die grootte van sy/haar land is irrelevant. As 'n vlak 1 persoon is daar sekere kursusse wat bygewoon word wat die grondslag van kommersiële boerdery vorm. Daar is ongelukkig sommige produsente wat dalk nooit verder sal vorder as 'n Vlak 1 produsent as hulle nie toegang tot meer grond of meganisasie het nie.

Vlak 2 produsente is die volgende kategorie en daar is sekere kursusse wat op hierdie vlak bygewoon word – 'n voortbou op inligting wat op Vlak1 versamel is. Hierdie produsente kan dalk nie instaat wees om verder as hierdie vlak te vorder nie, weer eens as gevolg van finansies, grond of meganisasie beperkinge wat nie oorkom kan word nie.

Vlak 3 produsente is diegene wat verder as vlakke 1 en 2 gevorder het, wat inligtig wat tydens die eerste twee vlakke bekom is, kan gebruik en wat in 'n posisie is om meer as 250 ton graan per jaar te produseer. 'n Beginner produsent wat toegang het tot 1 000 hektaar deur middel van PLAS (byvoorbeeld) kan nie begin by Vlak 3 nie – dit is baie belangrik dat elke produsent op die eerste vlak begin en vandaar af bou. Sommige produsente sal uiteindelik volle kommersiële status bereik, maar daar is ander mense wat om verskeie redes'n bestaansboer of 'n kleinboer sal bly.

| Wegspringpunt | Ingryping | Eindpunt |
|---|---|---|
| Swak grondvoorbereiding.<br>Ploegblad.<br>Lande wat ongeskik is vir verbouing van gewasse.<br>Trekdiere.<br>Nie-baster saad.<br>Geen bevrugting.<br>Geen onkruidbeheer.<br>Kleinskaal.<br>Kommunalegrond.<br>Mono-kultuur.<br>Ou toerusting in swak toestand. | Opleiding, inligting en die oordrag van vaardighede deur middel van:<br>Pula/Imvula.<br>Radio-uitsendings.<br>Studiegroepvergaderings.<br>Demonstrasieproewe.<br>Vestiging van studiegroepe.<br>Opleidingskursusse.<br>Boeredae. | Goeie grondvoorbereiding.<br>Geen gekompakteerde lae.<br>Plant slegs op hoë potensiaal gronde.<br>Trekkers.<br>Gebruik van bastersaad.<br>Optimale bevrugting.<br>Goeie onkruidbeheer.<br>Groter skaal.<br>Eie grond.<br>Wisselbou.<br>Toerusting wat in 'n goeie toestand is. |



# Ontwikkelingsprogram vir Produsente

## Vlak 1 – Bestaansprodusente – 1 tot 10 hektaar

***Opleidingskursusse***

1. Mielieproduksie basiese-kursus.
2. Inleiding tot Mielieproduksie-kursus.
3. Inleiding tot Sonneblomproduksie-kursus.
4. Inleiding tot Sorghumproduksie-kursus.
5. Inleiding tot Koringproduksie-kursus.
6. Inleiding tot Grondboneproduksie-kursus.
7. Meganisasie bestuurskursus.

***Studiegroep vergaderings***

1. Grondmonsters.
2. Grond pH en fosfaatstatus.
3. Gronddiepte.
4. Klimaat.
5. Basiese grondvoorbereiding.
6. Saad.
7. Plantdigtheid.
8. Bemesting.
9. Onkruid-en plaagbeheer.

***Demonstrasieproewe***

1. Grondvoorbereiding.
2. Bekalking.
3. Saad en plantdigtheid.
4. Bemesting.
5. Onkruid-en plaagbeheer.

***Boeredae***

1. Netwerk met die breër bedryf.

***Radio uitsendings***

1. Oordrag van inligting.

***Pula Imvula***

1. Oordrag van inligting.

## Vlak 2 – Kleinboer produsente – 10 hektaar tot 250 ton

***Opleidingskursusse***

1. Trekker en plaasimplemente Instandhoudingskursus.
2. Basiese Enjinherstel-kursus.
3. Gevorderde Mielieproduksie-en Bemarkingskursus.
4. Gevorderde Sonneblomproduksie en Bemarkingskursus.
5. Hulpbron Ontleding en Plaasbeplanningkursus.
6. Vaardigheidsontwikkelingskursus.
7. Plaasinstandhoudings-en ondersteuningkursus.
8. Meganisasiebestuurkursus.

***Studiegroepvergaderings***

1. Meganiese herstelwerk en instandhouding.
2. Kultivar keuses.
3. Optimale bemesting.
4. Optimale gebruik van natuurlike hulpbronne.
5. Risikobestuur en versekering.
6. Bemarking en berging.
7. Finansiëlebestuur (produksielenings).

***Gevorderde Boereprogram***

1. Kalibrasie van planters en spuite.
2. Bewerkingspraktyke.
3. Instel van implemente.
4. Produksielenings.
5. Toegang tot toelaes en regeringsteun.

***Demonstrasieproewe***

1. Verskillende vlakke van bemesting.
2. Kultivarkeuses.
3. Chemiese onkruidbeheer (programme).

***Boerdedae***

1. Netwerk met die breër bedryf.

***Radio uitsendings***

1. Oordrag van inligting.

***Pula Imvula***

1. Oordrag van inligting.






*Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.*

**GRAAN SA**
Posbus 88, Bothaville, 9660
(056) 515-2145
www.grainsa.co.za

**PROGRAMBESTUURDER**
*Jane McPherson*
082 854 7171

**BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING**
*Willie Kotzé*
082 535 5250

**SPESIALIS: VELDDIENSTE**
*Danie van den Berg*
071 675 5497

**VERSPREIDING: PULA-IMVULA**
*Debbie Boshoff*
(056) 515-0947

**PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS**
*Daan Bosman*
Mpumalanga (Bronkhorstspruit)
082 579 1124

*Johan Kriel*
Vrystaat (Ladybrand)
079 497 4294

*Tonie Loots*
Noordwes (Zeerust)
083 702 1265

*Jerry Mthombothi*
Mpumalanga (Nelspruit)
084 604 0549

*Lawrence Luthango*
Oos-Kaap (Mthatha)
083 389 7308

*Jurie Mentz*
KwaZulu-Natal en Mpumalanga
082 354 5749

*Ian Househam*
Oos-Kaap (Kokstad)
078 791 1004

**ONTWERP, UITLEG EN DRUK**
*Infoworks*
(018) 468-2716
www.infoworks.biz

**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:**
***Afrikaans,***
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

***Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.***

# Meer oor die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Produsente



*Jane McPherson (links) was aangenaam verras deur 'n besoek van mnr Mzebenzi Zwane, die LUR vir Landbou in die Vrystaat en me Nandi Mayathula-Khoza, die LUR vir Landbou in Gauteng by die NAMPO Oesdag. Hulle is ook vergesel deur Dr Limakatso Moorosi (regs), die Hoof van die Departement Landbou in die Vrystaat.*



*Gideon Ralepedi (Senwes), G. Motseng, Jane McPherson, B. Tswene (LUR, Noordwes), N. Maloyi (Spreker) en in die voorste ry, Japie Fransman (Senwes), C. Kanyaneen en Sello Lesupi het ook die Ontwikkelingsprogram vir Produsente se stalletjie by die NAMPO oesdag besoek.*

## Vlak 3 – Kommersiële produsente – 250 ton en meer

***Opleidingskursusse***
1. Kursus om winsgewend te boer.
2. Mielieproduksie onder Besproeiingskursus.
3. Gars onder Besproeiing Produksiekursus.
4. Koringproduksie onder Besproeiingskursus
5. Instandhouding van hoëverrigting trekkers-kursus.

***Studiegroepe***
1. Bemarking van graan.
2. Wisselboustelsels.
3. Diversifikasie en optimale gebruik van hulpbronne.

***Gevorderde Boereprogram***
1. Netwerk;
   - Agribesighede.
   - Georganiseerde landbou.
   - Insetverskaffingsmaatskappye.
   - Banke en finansierders.
2. Integrasie van produsente tot die kommersiële landbousektor.

***Boeredae***
1. Netwerk met die breër bedryf.

***Radio uitsendings***
1. Oordrag van inligting.

***Pula Imvula***
1. Oordrag van inligting.



**JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**